Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 9 – MAART 2018

Geagte ouers

PERSONEEL:
Baie geluk aan Mnr. Willie Kriel wat op Saterdag 10 Maart verjaar het. Baie geluk aan Juffrou Roché van Jaarsveld wat op 14 Maart verjaar.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2018

15 Maart	Rugby: Voortrekker Eeufees (tuis) Netbal: Laerskool Bergsig (weg)
17 Maart	Rugby: 1 ste span by Midstream Atletiek: SA kampioenskap **GR R OPEDAG 09:00 SKOOLSAAL**
20 Maart	Netbal: Curro Roodeplaat (tuis) JOHAN DUURSEMA AANDREEKS
21 Maart	MENSEREGTEDAG
22 Maart	Rugby: Laerskool Uitsig (tuis)
23 Maart	**Groot FM en Kaskar**
26 Maart	Rugbytoer: 1ste span Graad R - 3 ontvang Rapporte **INKSKRYWINGS 2019 VERGADERING 18:30 IN SKOOLSAAL**
27 Maart	Rugbytoer: 1ste span 17:30 – 19:00 GF Oueraand
28 Maart	**SKOOL SLUIT** **MARKDAG GR 5** Rugbytoer: 1ste span
29 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark
30 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark
31 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark

POS BESKIKBAAR: MAATSKAPLIKE WERKER
Ervaring: minimum 8 jaar ervaring en ervaring in kinderterapie.
Kursusse: Moet spelterapeutiese kursusse voltooi het.
Kwalifikasie: BA (MW)
Beskikbaar vanaf: 1 Mei 2018
Epos CV's en bewys van kwalifikasies na: kantoor@daniemalan.co.za
Salaris: Onderhandelbaar
Werksure: 07:00 – 14:00 Maandae tot Vrydae. Verlof gedurende skoolvakansie.
Aansoeke sluit 23 Maart 2018 om 14:00

TENNIS TUNES:
Ons het ingeskryf vir 'n kompetisie waar ons 'n gratis vertoning kan wen van Dirk van der Westhuizen en die Flooze. Ons sal dit baie waardeer indien u die video van Danie Malan se "tennis tunes" op Flooze se facebookblad kan gaan "like" en "share". Ons belowe u sal die video ook baie geniet.

SKOOLBEHEERLIGGAAM - 1 MAART 2018
1. Voorsitter: Marthie Engelbrecht
2. Ondervoorsitter: Karel van Zyl
3. Tesourier: Tinus Vos
4. Sport: Lukas van der Schyff

5. Dissipline: Francois Kriel
6. Sekretaresse: Elzet Maritz
7. Bemarking: Ilanda du Toit
8. Dissipline: Pieter van Zyl
9. Akademies: Hannie Bloem
10. Bemarking: Chriselle Ploos van Amstel
11. Gekoöpteerde lid vir Sport: Raymond Piek
12. Gekoöpteerde lid Fondsinsameling: Lilani Pieterse
13. Gekoöpteerde Lid vir Naskool: Joanne Tintinger
14. Hettie Smith - skoolhoof

Baie geluk aan hierdie lede en sterkte vir die werk wat u in die volgende drie jaar moet doen.

UITTEKEN VAN LEERDERS GEDURENDE DIE SKOOLDAG

Geagte ouers wanneer 'n ouer net by die skool opdaag om sy / haar kind uit te teken en daardie leerder uitgeroep moet word is dit uiters ontwrigtend. Hierdie praktyk het so ge-eskalleer dat die skool se navrae toonbank bykans tot stilstand kom en klasse konstant ontwrig word veral op Vrydae.

- "Geen ouer het die reg om 'n leerder sonder 'n geldige rede uit die skool te hou nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Vakansie en privaatsake is nie 'n geldige rede nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Indien 'n leerder wel met 'n geldige rede gedurende die skooldag die skool moet verlaat, moet die skool ten minste die dag voor die tyd daarvan verwittig word per brief deur die ouer. Geen e-posse, fakse of sms'e sal aanvaar word nie, slegs 'n brief met die oorspronklike handtekening van die ouer.
- Hierdie brief word deur die leerder aan die graadhoof sowel as die betrokke vakpersoneel getoon. Die personeel teken dan die brief.
- Op die gegewe dag en tyd wat die leerder die skool moet verlaat, sal die leerder self verskoning maak by sy / haar vakonderwyser en die brief toon.
- Geen leerder sal meer net uit 'n klas geroep word nie.
- 'n Leerder sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat indien die wettige ouer of voog sodanige leerder self kom afhaal, geen leerder sal op eie verantwoordelikheid toegelaat word om die terrein te verlaat nie.
- Ouers wat hul leerders op Vrydae vroeër wil kom uitteken sonder 'n bewys van 'n doktersbrief moet die leerders by die hoof kom uitteken en nie meer by ontvangs nie.

KASKAR EN GROOT FM OP 23 MAART 2018

Soos u seker weet beplan ons 'n Kaskar wedren op Vrydag 23 Maart van 16:00 – 18:00.

- **Groot FM:**
- Groot FM gaan op 23 Maart by die skool uitsaai.
- Al die leerders moet reeds 07:00 op die pawiljoen sit in die klere wat hul met die kaskarwedren gaan aantrek.
- Die Graad 4-7 leerders gaan aan 'n hindernisbaan deelneem en die Graad R – 3's gaan boeresport hou.
- Die skool sal die Vrydag dan 11:00 uitkom en dan moet die leerders weer 16:00 terugkeer vir die Kaskar wedren.
- **Ons doel met die fondsinsameling is:**
- Om 'n onvergeetlike ervaring vir die leerders te bied.
- Om ons Ouergemeenskap beter te leer ken.
- Om geld in te samel vir verbeterings aan die terrein.
- **Elke klas moet vir die kaskar:**
- 'n Tema kies.
- Hul kuipe versier.
- Aantrek soos hul tema (hempies kan geborg word vir die klas).
- Die kaskar moet versier en beveilig word.
- Die kaskar om die baan stoot in die tyd wat gegee word.
- Kaskarre sal voorsien word en elke klas mag net een kaskar gebruik.
- **Elke leerder kan vir die kaskar:**
- Borge kry soos op die prentjie onder. As die leerder se Kaskar volledig ingekleur is en die geld inbetaal is, kan die leerder 'n prys uitkies (tussen 'n klomp pryse beskikbaar).
- Die leerder wat die meeste geld ingesamel het wen 'n tablet wen of R2000 kontant. Die leerder wat die tweede meeste geld daarmee ingesamel het ontvang R500 en die derde meeste R250.



- **Gelukkige trekking kaartjies: (GROEN BOEKIES)**
- Ons gaan NIE dié jaar die projek met die Kaskar loods nie.
- **Die kosfees:**
- Begin die aand 18:00 tot ongeveer 22:00.
- Koskaartjies vir bykosse teen R30 sal vooraf gekoop kan word.
- Die Graad wat die meeste koskaartjies verkoop het sal 'n prys wen.
- Elke Graad moet die volgende voorsien met borge of donasies
    - Braaiers en vure vir die graad
    - Bykosse vir die graad
    - Kos stalletjie versier.
- **Borge**
- Indien u borge wil nader moet u asseblief 'n borgbrief aanvra by Lilani Pieterse juflilani@webmail.co.za Geen ouer moet sonder die brief enige borge nader.
- **Talentkompetisie**
- 'n Talentkompetisie sal die aand gehou word en 'n wenner sal aangewys word. Die inskrywing vir die talentkompetisie is R50, enige persoon in die gemeenskap en in die skool kan kom vir oudisies. Enige persoon wat wil inskryf vir die talentkompetisie kan 'n epos stuur aan juflilani@webmail.co.za. Sodra die persoon die oudisie gedoen het, sal hul in kennis gestel word wanneer hul optrede tydens die kosfees sal wees, en sal reëlings getref word dat die inskrywingsgeld betaal word.
- **Vermaak:**
- Daar sal ook 'n paar Gaskunstenaars optree vir u vermaak.
- **Koskaartjies**
- Elke klas moet probeer om vooraf 40 koskaartjies te verkoop. Die leerders in Gr 4-7 gaan in hul registerklasse deelneem.
- Die Graad moet poog om met borge die kos aan ongeveer 200 – 240 persone te voorsien. Die finale getalle sal een week voor die kosfees deurgegee word.
- Die ouers bring hul "coolbox" en stoele die middag na die fees, en kan rondom hul Graad se stalletjie sit of sommer voor die verhoog.
- Elke ouer bring hul eie vleis, eetgerei, stoele ens. Ouers kan wanneer hul honger is gaan braai en die bykosse by die graad se stalletjie gaan afhaal.
- ONTHOU ASB. OM VOOR 19 MAART U KOSKAARTJIES TE BETAAL
- KOSKAARTJIES DIEN AS TOEGANGSKAARTJIES OOK PER PERSOON. PERSONE SONDER KOSKAARTJIES SAL R10 INGANG BY DIE HEK PER PERSOON MOET BETAAL.
- **Stalletjies:**
- Daar sal ook speelgoed stalletjies wees. Stalletjies kan teen R500 bespreek word by juffrou Lilani Pieterse by juflilani@webmail.co.za
- **Betalings:**
- Indien u internetbetalings maak, gebruik asb die korrekte verwysing bv. Familiekode dan kosfees Gr 4 x5 of familiekode dan Koop my kaskar of Familiekode dan Gr 4 hemp borg. Ons gaan elke graad se kosfees geld in 'n aparte projekrekening stoor en daarom is dit vreeslik belangrik dat u die korrekte verwysings gebruik. Ons verkies elektroniese oorbetalings, aangesien dit baie onveilig is om kontant op die perseel te hê.

KONSERT

Die konsert gaan in kwartaal 3 plaasvind. Elke leerder wat deelneem gaan R180 vir konsertklere moet betaal. Ons moet reeds van die klere bestel en laat maak sodat dit betyds reg kan wees. Elke leerder van Graad R-7 kan deelneem. Voltooi asb. die afskeurstrokie in en stuur so gou as moontlik terug skool toe. U is welkom om die konsertklere af te betaal. Gebruik u familiekode en konsertklere as verwysing. Leerders wie se ouers vir vrystelling aansoek gedoen het en ontvang het en hulp benodig met die betaling van die konsertklere kan 'n brief aan die skoolhoof skryf en versoek dat die konsertklere geborg word. Ouers wat kan, is ook welkom om 'n minder bevoorregte leerder se klere te borg. Ons sal toesig reël tydens oefeninge in kwartaal 3 vir die leerders wat nie aan die konsert wil deelneem nie. Die leerders geniet dit gewoonlik baie en kry net drie geleenthede in hul laerskoolloopbaan om daaraan deel te neem.

BROODSAKKIE-KNIPPIE-PROJEK

Vir elke 200 broodsakkies vol knippies wat ingesamel word kan 1 rolstoel aan 'n minder bevoorregte kind geskenk word. Ons wil u dus aanmoedig om nie die knippies weg te gooi nie, maar na kamer B1 te stuur.

SKAAK

Die skaak het reeds begin. Geen spanne is nog gekies nie, en alle leerders van Gr R tot 7 is welkom. Daar sal elke Woensdag afrigting wees in kamer E1 van 14:00 tot 15:00. Aan die einde van Kwartaal 1 sal die spelers uitspeel om die spanne te bepaal vir die 0/11 en 0/13 liga in kwartaal 2.

NETBAL

Baie dankie vir al die afrigters en dogters wat die netbalseisoen so entoesiasties begin het.
Baie geluk aan die volgende ouderdomme wat wedstryde teen Brits en Curro Hazeldean gewen het op 8 Maart.
O/10 wen 1 wedstryd; O/11 wen 3 wedstryde; O/12 wen 2 wedstryde.
Ons is baie trots om aan te kondig dat die volgende dogters in die Distrikspan is en Dinsdag 13 Maart by Tshwane aan verdere proewe sal deelneem.
O/12: Yedidya Bangue Bangue Elombo, Nika van der Westhuizen.
O/13: Samantha Jansen van Rensburg, Taryn Hayes, Marang Mothupi en Megan Hulme.
O/10 – O/13 spanne speel Donderdag by Laerskool Bergsig. Onthou julle word nou fyn dopgehou want finale spanne sal aan die einde van die kwartaal aangekondig word.

RUGBY

Die uitslae van die wedstryde soos gespeel op die 8ste Maart is soos volg:
O/10B wen teen Brits 27 – 15
O/11A wen teen Brits 21 – 7
2de span wen teen Brits 37 – 5
Die uitslae van die wedstryde soos gespeel op die 9de Maart is soos volg:
O/9A wen teen Florida 22 - 0
Baie geluk ons is trots op julle.
Ons speel Donderdag, **15 Maart** teen **Laerskool Voortrekker Eeufees** (tuis).

Program:

TYD:	**A-VELD**
14:30	**0/9 A**
15:20	**0/10 A**
16:15	**0/11A**
17:10	**1ste span**

Ons speel Donderdag, **22 Maart** teen **Laerskool Uitsig** (tuis).

Program:

TYD:	**A-VELD**	**TYD:**	**B-VELD**
14:30	**0/10A**	**14:30**	**0/9A**
15:20	**2de span**		
16:15	**0/11A**		
17:10	**1ste span**		

BELONING – VRYDAE 13:00

Op Vrydag, 16 Maart 2018 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 6 leerders help die week met die ekstra opruiming.

OU SKOOLDRAG SKENK

Onthou asseblief om ou skooldrag wat nog in 'n goeie toestand is aan die klerebank te skenk. Ons benodig veral Atletiekdrag en Vrydagdrag hempies en broekies.

ONBEKENDE DEPOSITO'S

Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	**Verwysing gebruik**	**Bedrag**
2017-10-31	Onbekend – 34079	R800.00
2017-12-29	Onbekend – 34079	R800.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-02-26	Laerskool danie malan	R2 500.00
2018-02-27	L vd Walt Nieman	R800.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.

Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOPOEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis landloopoefening by Hillside Golfbaan van 16:50 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting.
Klub-datums:

- Saterdag 14 April Transnet byeenkoms by Kilner Park (aaron.mabena@transnet.net)
- Saterdag 21 April Uitsig hoërskool by Uitsig hoërskool (hanlie.truter@hs-uitsig.co.za)
- Saterdag 28 April Protea Cullinan Festival by Cullinan (landmanrudi@yahoo.com)
- Vrydag 4 Mei Asics Night Race by TUT Main Campus (allan.smith@asics.com)
- Saterdag 12 Mei Tshwane University of Technology by TUT Main Campus (mnyengezammb@tut.ac.za)
- Saterdag 19 Mei Monaco by TUT Soshanhuwe (joescabaloyi@gmail.com)
- Saterdag 26 Mei Transnet by Kilner Park (aaron.mabena@transnet.net)

Leerders skryf self vir die landloopbyeenkomste in. Dit is baie goeie voorbereiding vir die landloopseisoen van die skool wat in die derde kwartaal begin.
Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 'n gratis "Parkrun" van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir 'n "Parkrun" en neem u hele gesin vir so 'n uitstappie op 'n Saterdag.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR

Ons verhuur die skool se Lapa vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof